www.PapaCambridge.com

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAG

**Paper 0548/01**
**Reading and Writing**

**Kernwenke**

Ten einde goed in hierdie eksamen te vaar, behoort die kandidate die volgende te doen:

- In Oefening 1: Skryf bondige antwoorde wat duidelike begrip van die vrae toon.
- In Oefening 2: Identifiseer die verlangde inligting in die bronteks en dra dit akkuraat op die vorm oor.
- In Oefening 3: Lees die bronteks, die voorbeeld-antwoord en die opskrifte vir antwoorde noukeurig deur en maak kernagtige aantekeninge.
- In Oefening 4: Skryf ’n kernagtige opsomming in een paragraaf van hoogstens 80 woorde.
- In Oefening 5 en 7: Gebruik die verlangde formaat en lewer ’n skryfstuk wat uit samehangende paragrawe bestaan en goed by die onderwerp aansluit.
- In Oefening 6: Skryf antwoorde in hulle eie woorde wat duidelike begrip van die vrae en die teks toon.

**Kommentaar op spesifieke vrae**

**Oefening 1**

Kandidate het die vrae oor die algemeen goed beantwoord. Hulle moet herinner word dat hulle genoeg inligting in hul antwoorde moet gee; vir **vraag 6** het sommige byvoorbeeld net “hipo-allergeniese” in plaas van “Dit is ’n hipo-allergeniese hond” of “Hulle vervaardig minder allergene” geskryf. In hierdie geval was ‘n volsin nodig om begrip te toon.

Sommige kandidate het punte verbeur deur hele sinne direk uit die teks neer te skryf en duidelik te hoop dat die antwoord êrens in die sinne sal skuil. Punte is slegs toegeken as die antwoord logies op die vraag gevolg het.

**Oefening 2**

Die meeste vorms is baie goed ingevul, maar sommige kandidate het nie fyn genoeg gelees nie en die voorstad saam met die straatadres en die verkeerde telefoonnommer ingevul. Kandidate moet herinner word om iets soos ’n adres reg neer te skryf, byvoorbeeld “Blomstraat 17” en nie “17 Blomstraat” nie. Vir laasgenoemde is geen punt toegeken nie. Dit was verblydend dat baie min kandidate hul eie inligting eerder as die fiktiewe persoon s’n gegee het.

**Oefening 3**

Kandidate het baie goed gevaar in hierdie oefening. Die meeste het die twee punte by **(a)** gekry, behalwe as hulle die gegewe inligting (“Was eers deel van die vasteland van Afrika”) weer op ’n ander manier verskaf het.

Kandidate wat die woord “gevangenes” verstaan het, het drie punte by **(b)** gekry. Sommige het punte verbeur as hulle nie besef het dat Autshumao en Harry een en dieselfde mens was nie. Dit was interessant dat heelwat kandidate aangedui het dat Jan van Riebeeck ’n gevangene op Robbeneiland was.

By **(c)** het te veel kandidate ritse sinne direk uit die teks neergeskryf en dus nie werklik begrip getoon nie.

Let wel: Kandidate moet onthou dat hulle verkieslik notavorm/telegramstyl moet gebruik en geensins volsinne hoef te skryf nie. Hulle moet beslis nie (lang) sinne woordeliks uit die teks neerskryf nie. Dit moet duidelik wees dat hulle die teks verstaan en inligting kan selekteer.

www.PapaCambridge.com

**Oefening 4**

Alhoewel sommige kandidate die opsomming goed hanteer het, het talle nie ag geslaan op die feit d oor Robbeneiland se "rol deur die eeue" moes skryf nie. Inligting oor die eiland se grootte en posisie h nie punte verdien nie. Te veel kandidate het sinne of sinsdele direk uit die teks neergeskryf. Dit is belang dat kandidate die instruksies noukeurig uitvoer: één paragraaf van hoogstens 80 woorde, en in hul eie woorde.

**Oefening 5**

Alhoewel daar verskeie besonder goeie skryfstukke was waarin kandidate hul rolmodelle uitstekend beskryf het, het heelwat kandidate net iemand wat spesiaal vir hulle is, beskryf, en nie aangedui waarom die persoon ŉ rolmodel is nie. Kandidate moet dus herinner word om noukeurig ag te slaan op die riglyne wat verskaf word:

Kandidate moet ook herinner word om ongeveer 150 tot 200 woorde te skryf. Te kort skryfstukke gee nie ŉ bevredigende beeld van hul skryfvermoë nie en stel hulle nie in staat om die onderwerp ordentlik te dek nie; skryfstukke wat ver te lank is, word net gelees (en bepunt) tot kort na die 200 woorde-perk.

Behalwe die algemene foute (sien onder) wat tweede- en derdetaalsprekers tipies begaan en moet probeer vermy, moet kandidate aandag aan die gebruik van leestekens (veral die komma voor 'want' en 'maar' en tussen gesegdes) en hoofletters (veral aan die begin van ŉ sin) gee. Kandidate behoort in paragrawe te skryf. Die riglyne wat in die onderwerp verskaf word, kan netjies as die hoofgedagtes van drie paragrawe dien.

Algemene foute en aspekte wat aandag verdien:

- die gebruik van besitlike en persoonlike voornaamwoorde
- die gebruik van volsinne
- die verskil tussen 'sal' en 'wil'
- die gebruik van 'toe', 'dan' en 'wanneer'
- die gebruik van 'lewe', 'lief', 'lyf'
- die gebruik van 'so' in plaas van 'dus'
- die gebruik van 'kuier' en 'besoek'
- Jy gaan *saam* met iemand …

**Oefening 6**

Kandidate wat vrae in hul eie woorde beantwoord het, het werklik begrip getoon en die beste gevaar.

**Vraag 1**: Die meeste kandidate het die volle punt vir hierdie vraag gekry alhoewel talle gesukkel het om hulle eie woorde te gebruik.

**Vraag 2**: Party kandidate het hul antwoord direk uit die teks gehaal en dan ŉ punt verbeur omdat hulle nie duidelik begrip getoon het nie.

**Vraag 3**: Kandidate moes hier noem dat die Britte en Franse wel kennis van Suid-Afrikaners het, terwyl die Amerikaners niks weet nie. Hulle moes dus na albei groepe verwys.

**Vraag 4**: Hierdie vraag is goed beantwoord.

**Vraag** 5: Hierdie vraag is redelik goed beantwoord. Sommige kandidate het egter nie ŉ poging aangewend om hul eie woorde te gebruik nie.

**Vraag 6**: Talle kandidate het gesukkel om hier die vraag korrek te beantwoord. Eintlik moes hulle net sê dat hy nie genoeg tyd het nie.

**Vraag 7**: Die meeste kandidate het die vraag reg beantwoord, maar 'n aantaal het nie genoeg probeer om hul eie woorde te gebruik nie.

www.PapaCambridge.com

**Oefening 7**

Dit was duidelik dat baie kandidate oor hierdie onderwerp kon skryf, maar min kandidate het in ag dat dit 'n toespraak moes wees. Sommige kandidate het geskryf oor wat met ons omgewing verkeer plaas van oor hoe hulle die omgewing in 2050 sou wou sien. Twee verdere algemene probleme ten opsig van die styl/aanbieding van die skryfstukke was dat min kandidate 'n opskrif verskaf en/of in paragraw geskryf het.

www.PapaCambridge.com

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAG

**Paper 0548/02**

**Listening**

**Kernwenke**

Ten einde goed in hierdie eksamen te vaar, behoort die kandidate die volgende te doen:

- In **Oefening 1** en **Oefening 2** moet kandidate nie slegs baie aandagtig na die teks luister nie, maar ook al die vrae op die vraestel baie aandagtig lees om gepas te antwoord.
- In **Oefening 3** en **Oefening 4** moet kandidate probeer om korrek te skryf om te bewys dat hulle die luisterteks verstaan het.

**Algemene kommentaar**

'n Beduidende aantal kandidate het die luisterbegripsvrae, gebaseer op die vier opnames, naamlik 'n praatjie, twee gesprekke en 'n onderhoud, goed verstaan. Hulle kon dus gepas op die vrae antwoord en het oor die algemeen goed presteer. Dit is verblydend dat daar kandidate was wat volpunte behaal het, of slegs een of twee punte verloor het vir die vraestel.

Daar is egter baie kandidate wat as gevolg van hul beperkte woordeskat en swak beheer van Afrikaans min punte behaal het. Sommige kandidate het slegs 'n klein aantal punte verdien deur enkele vrae in **Oefening 1** en **2** korrek te beantwoord, terwyl hulle nie in staat was om antwoorde vir **Oefening 3** en **4** neer te skryf nie. Dit is duidelik dat hierdie kandidate nie genoeg blootstelling aan gesproke Afrikaans kry nie en nie basiese spel- en grammatikabeginsels ken om sinvol te kan skryf nie. Hierdie probleme sal in 'n klaskamersituasie aangepak moet word om hul vaardighede te probeer verbeter. Kandidate sal voldoende geleentheid gegee moet word om na gesproke Afrikaans te luister, verkieslik ook opnames, sodat hulle nie slegs na hul onderwyser se stem luister nie.

Spel- en taalfoute is nie in ag geneem by die nasien van die vrae nie, mits die antwoord van die spesifieke vraag getoon het dat die kandidaat die teks en die vraag verstaan het; woorde moes egter herkenbaar wees. Hoewel die kandidate nie vir spelling gepenaliseer is nie, is dit tog kommerwekkend dat die meeste, selfs diegene wie se luisterbegrip goed is, nie eenvoudige woorde soos 'vyf', 'groter', 'stad' en, 'beter' kan spel nie. Baie min kon die woorde 'baklei', 'voertuig' en 'resessie' spel en die meeste kandidate weet ook nie dat die letter 'c' nie gereeld in Afrikaans gebruik word nie, dus bv. 'ekonomiese resessie' en nie "economiese recessie" nie. Kennis van die Afrikaanse spraakklanke, o.a. diftonge, kan ook help met spelling.

**Kommentaar op spesifieke vrae**

**Oefening 1: Vrae 1-6**

Die meeste kandidate het goed gevaar in hierdie oefening en baie het volpunte gekry. Die twee vrae waarmee die meeste gesukkel is, is **vraag 2** en **vraag 4**. Dié wat **vraag 2** verkeerd beantwoord het, het gefokus op die feit dat passasiers op moltreine 'n Singapoer-dollar terugkry, maar nie daarop gelet dat dit nie die aankondiger is wat dit aan hulle teruggee nie. Hulle het dus verkeerdelik 'waar' geantwoord.

Hierdie oefening het swakker leerders gehelp om punte te kry. Dit behoort hulle selfvertroue te gegee het vir die res van die vraestel.

**Oefening 2: Vrae 7-11**

Soos met **Oefening 1**, het **Oefening 2** ook talle kandidate gehelp omdat hulle nie self woorde of sinne hoef te geskryf het nie. In hierdie oefening moes fyn geluister word om die regte antwoorde te kon kies. Die meeste kandidate het **vraag 11** korrek beantwoord.

www.PapaCambridge.com

**Oefening 3: Vrae 12-18**

Die meeste kandidate wat die luisterteks verstaan het, het goed gevaar in hierdie oefening. Dit w opvallend dat min kandidate die woorde ‘bereik’, en ‘uitdagings’ korrek kon spel. Die vraag waarme meeste gesukkel is, was **vraag 16**. Daar was baie wat Danny Boyle as die antwoord gegee het, terwyl korrekte antwoord “sy ouers” was. Danny Boyle het hom (Shafiek) wel geïnspireer, maar sy ma en pa (ouers) het hom aangemoedig.

**Oefening 4: Vrae 19-27**

Hierdie laaste oefening was die mees veeleisende van die vier oefeninge omdat daar hoofsaaklik van kandidate verwag is om in frases of sinne te antwoord. Dit is ook die oefening wat die meeste punte tel. Bevoegde kandidate het goed gevaar en omdat hulle nie punte verloor het vir taal- en spelfoute nie, kon sommige van hulle hier volpunte behaal.

’n Groot aantal kandidate het die vrae nie aangepak nie en ander wat wel vrae probeer beantwoord het, maar nie verstaan het wat hulle hoor nie, het ook geen punte vir die oefening gekry nie. Hulle het waarskynlik ook nie die vrae verstaan nie. Dit was duidelik dat hierdie kandidate sukkel om hulle skriftelik in Afrikaans uit te druk.

Dit was opvallend dat baie kandidate nie die betekenis van die woord “teleurgesteld” ken nie (**vraag 25**). Dit blyk uit hul antwoorde dat hulle die woord verstaan as ‘n positiewe gevoel wat mense ervaar, nie ‘n negatiewe gevoel nie. Kandidate het ook gesukkel met **vrae 23** en **24**.

www.PapaCambridge.com

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAG

**Paper 0548/05**
**Oral**

## Key message

In order to do well in this examination, candidates should:

- consider the issue raised in their Oral Assessment Card and their own reaction(s) to it
- be ready to engage in a natural and spontaneous discussion
- be prepared to take the lead in the conversation.

## General comments

It is pleasing to note that teachers are increasingly keeping closer to the instructions for assessing the oral skills of the candidates. There are fewer concerns which need to be raised as a result. A big thank you to teachers worldwide for their hard work is therefore in order. It was a pleasure listening to the conversations and to hear that the interlocutors were suitably prepared.

### Quality of recordings

Overall, the change to recording on CD has enhanced the sound quality significantly, but teachers must check that the recording levels have been set appropriately before conducting the tests as sometimes the sound was so soft it was very difficult to hear what the candidate and the teacher were saying.

## Comments on specific parts of the examination

### Introductions

The introduction and announcements at the beginning of the recording should always be done in Afrikaans and not in English. The general introduction should only be done at the start of each CD or cassette, i.e. not before each candidate recording.

### Duration of conversations

Some teachers tend to exceed the three minutes allocated to the warm-up. This uses up valuable time for the assessed conversation, which is often much shorter as a result.

The whole conversation should last between 12 and 15 minutes to give candidates time to show off their Afrikaans communication skills. Some conversations were even shorter than ten minutes, which was to the disadvantage of the candidates. It should be remembered candidates only start to settle in after a few minutes and that only after this period has past will they be able to open up and take the lead in the conversation.

### Assessment

Assessment was, on the whole, in line with the mark scheme but there was a marked tendency to assess the weaker candidates more harshly than other candidates. The average and better candidates were reasonably correctly assessed.

Teachers are strongly advised to award marks for **Fluency** first. If the candidate can answer in full sentences, they should be placed in the 7-8 band as a starting point. The mark for fluency will often be the highest of the three categories. The marks for **Structure** and **Vocabulary** will usually be more or less in line. If a candidate does not have a good command of the structural aspects of the language s/he will often also not have the ability to use the correct vocabulary. The marks for these categories do not have to be the same or very closely in line with each other but significant differences between the two are unlikely.